

Vergifnis

Baie mense vind dit moeilik om iemand te vergewe wat hulle diep seer gemaak het. Hulle onthou alles wat die persoon aan hulle gedoen het.

Corrie ten Boom het baie gely terwyl sy in 'n konsentrasie kamp in Duitsland gevange gehou was tydens die Tweede Wêreldoorlog. Iemand het iets aan haar gedoen wat sy nie kon vergeet nie. Sy het hom vergewe maar in haar geheue het dit wat hy gedoen het, haar herhaaldelik geteister. Dit het haar van slaap beroof. Sy het tot op 'n punt gekom waar sy tot God geroep het om haar te help. Hierdie probleem moes opgelos word.

Dit was 'n goedgesinde Duitse predikant wat haar uiteindelik te hulp gekom het na twee weke sonder slaap. Hy het verwys na die klok in die kerktoer. As 'n persoon aan die tou trek om dit te lui, en dan die tou los, hou die klok nog aan om te lui, 'Ding, dong, ding, dong', stadiger en stadiger totdat dit tot stilstand kom en geen geluid meer gehoor kan word nie. So is dit ook met vergifnis.

As ons vergewe is dit asof ons die tou uit ons hande laat val, maar die klok van ons seerkry bly nog geluide maak, stadiger en stadiger, sagter en sagter. Ons moet nie verbaas wees as dit 'n tyd vat om heeltemal stil te word in ons gemoed nie. Daardie kwaai gedagtes en herinneringe is maar net die stadige swaai van die klok wat tot stilstand kom.

Sy sê toe dat die klok in die weke wat gevolg het in die middel van die nag nog stadig heen en weer geswaai het, maar omdat haar wil en emosies nie meer met die gedagtes gekoppel was nie, het die klok heeltemal tot stilstand gekom.

God kan ons help om nie net ons emosies nie, maar ook ons gedagtes gevange te neem.

Broer, Suster, Jongmens: Vind jy dit dalk moeilik om iemand te vergewe wat jou diep seer gemaak het? Bly jy onthou en dink aan dit wat die persoon aan jou gedoen het? Moenie verbaas wees as dit tyd vat nie. Maar dit moet iewers ophou! Soos die klok se gelui.

Mag die Here jou daarin bystaan in 2013.

Groete

1 Kor 3:9 - Jou medewerker in diens van God Drie-enig

Leon Tait



DIE GESKENK VAN GEBED

Waarom bid jy? Ja natuurlik is daar somer baie redes. Tog dink ek dat vele mense dit as 'n swaar verpligting sien en nie maklik hierdie plig uitgevoer kry nie. Ek dink as ons anders oor gebed begin dink sal ons die vreugde van gebed veel meer beleef!

Gebed is een van die wonderlikste geskenke van God. Dit is die voorreg wat God ons gee om in direkte verbinding met Hom te wees. Die kontak met God geskied vinniger as die spoed van lig! Waar en wanneer ons ook al met God praat- of dit nou agter die stuurwiel of agter ons lessenaar of in 'n groot krisisomblik is- dit bereik die hemelse beheersentrum in 'n oogwink. Gebed is die direkte kontaklyn tussen ons en God. Wat 'n groot voorreg en geskenk is dit nie?

Ek dink die mense wat dit nie gebruik nie is baie dom en misgeweldig baie. Soos die een direkteur wat by die jong sakebestuurder se kantoor instorm en hom op sy knieë kry, besig om te bid. Toe die man wat ingestorm het stadig en saggies uitbeweeg sê hy vir die sekretaresse: dit is geen wonder ek kom na hom toe vir raad nie.

Ons kan baie by kinders leer oor gebed, al is dit soms baie humoristies. So het pa, ma en boetie vir hul nuwe sussie wat oppad was gebid. Na die tweede aand het mamma hospitaal toe gegaan. Toe boetie saam met pappa by die hospitaal kom vor besoek, sien hy dat ma in albei arms 'n sussie het (tweeling). Boetie hak af en sê vir sy pa "pappa is seker baie bly ek het na tweekeer ophou bid?"

Paulus spel die wapenrusting in Efesiërs 6 uit waarmee ons die bese dag na dag opnuut kan oorwin en staande bly op ons pos. Wanneer 'n mens nou dink Paulus het nou alles mooi saamgevat dan noem hy nog een ding wat na sy mening uiters belangrik is en waarsonder al die ander dele van die wapenrusting nie regtig goed sal werk nie. Dit is gebed! Doen dit alles biddend (EF 6:18). Gebed is soos asemhaling vir 'n gelowige. Daarsonder kan ons nie.

Een van die mooiste samevattinge van wat ware gebed beteken is deur Farrar Capon gegee: *Gebed is nie om na God toe te gaan nie (Hy is alreeds in jou) of om Hom te soek nie (Hy het jou alreeds gevind) of om jouself vir God oop te stel nie (God het alreeds binne gekom) of om geestelik te word nie (Hy het alreeds die Gees na jou gestuur wat eerder vir jou Jesus wil wys as om op jou voortreflikhede te wil fokus). Gebed is om te praat met iemand wat alreeds met jou praat.*

Die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee (Numeri 6:26)

Gebruik jou Godgegewe geskenk (gebed) en ervaar hemelse vreugde.

Ds Leon van Heerden



!! ONTHOU DATUMS !!

- ◆ 1 Maart: Wêreldbiddag vir Vroue
- ◆ 2 Maart: Wêreldbiddag vir Mans
- ◆ 10 Maart: Gesinne in Harmonie Diens
- ◆ 17 Maart: Omgee Sondag & Doop
- ◆ 29 Maart: Goeie Vrydag, Nagmaal @ 8:00

Sien jou daar!



BOOMSLOPING en snoei van bome & struike. Verskaf ook Kagelhout. Kontak Ernst by 083 656 4992

GRATIS - Verwydering van onherstelbare, onbruikbare, verouderde of herwinbare goedere. Kontak 084 942 7399

ERTWURMS - Kry 100 wurms vir R105. Grootste wurm is 18cm. Kontak Heinrich by 072 159 1843

QCR LEGAL SERVICES

Volgende Dienste Besikbaar:

Verwysing na Ombudsman, Egskeidings, Invorderings, Arbeids Dispute, Onderhouds sake, Skuld Berading, Hof vir Klein Eise; HIV Berading(Gratis).

Kontak Quinton: 012 335 2354 / 079 923 9422



VILLIERIA KLEUTERAKADEMIE

24ste Laan, 610
2 jaar tot Graad R
Gekwalifiseerde & Ervare Personeel

Kontrak Jeneane Williams @ 079 522 5348 / vkleuterakademie@gmail.com



GEMEENTE FEES 2013

Gesinsbediening bo!!!

Wie sou ooit kon raai, dat net 'n blote gedagte, kon verander in 'n omgeefees.

Ons is hier geplaas, die gesinsbediening span is ons plek. Saam sal ons die gemeente dien, van ons gaan jul nog baie sien.

Met Sy genade, wysheid en krag is daar gewerk, gereël, en baie vermag.

Ons het almal op Hom vertrou, dat ons tog nie te veel sal verbrou!

Daar is gereël vir potte, wors en hout, koppies, pierings en 'n knippie sout.

Selfs koffie om jou beskuit te doop.

Fliek, sing, speel en lag, was dinge wat ons graag wou deel.

Niemand moes hul tog verveel.

Wat jul beslis moet weet, volgende jaar gebeur dit weer, al was ons voete moeg en seer.

Oud en jonk, tiener, moeder, pa of seun vir jul wil ons net ons beste doen.

Mag Sy guns nou met ons wees, tot ons mekaar weer sien, by die volgende Fees.

Deur Leanie Malan
4 Februarie 2013

Die Gemeente wat vir almal omgee!



KOM SLUIT AAN BY 'N OMGEEGROEP! Jy sal nie spyt wees nie.

VISIE VAN DIE OMGEEGROEPE-TAAKSPAN:

Om deur omgee-verhoudinge in omgeegroep mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.



Indien jy graag by 'n Omgeegroep wil inskakel of een wil stig, kontak asseblief:

Liezel Nieuwenhuis – Tel. No.: 076 840 5591

c'naru eiendomme

ons bied 'n verskeidenheid van dienste:

- Gratis waardasies
- Bemerk om te verkoop
- Kwalifisering van nuwe kopers
- Lening aansoeke
- Advies om eiendom se waarde te verhoog
- Boedelwaardasies

Naómi

082-804-1200 012-331-0015



TH Theuns Hurter

Prokureurs, Notarisse en Boedelberedderaars

Ons lewer die volgende professionele dienste:

- ♦ **Opstel/Registrasies van Huweliksvoorwaardekontrakte**
- ♦ **Koop en Verkoop van Eiendomme**
- ♦ **Bereddering van Bestorwe Boedels (Ons is ook bereid om boedels af te handel waarmee u al vir maande sukkel)**
- ♦ **Bestrede en Onbestrede Egskeidings**
- ♦ **Strafregtelike aangeleenthede**
- ♦ **Algemene Kontraktereg**

Vir professionele en bekostigbare diens kontak my gerus by:

Tel: + 27 12 342 0006 • Sel: 083 539 3481

E-pos: theuns@hurterlaw.com • Faks: 086 608 1900

(Indien u so verkies, kan konsultasies ook gereël word by u woning of besigheid)

Taakspan vir Gebed

Gebedsgroep is getaak om te bid vir spesifieke versoeke, onder andere die versoeke wat uit die Kassie agter in die kerk kom, versoeke van Omgeegroep, noodlyn, jeug en volwassenes. Sel nommers 0825696590 en 0796809255.

Die gebedsgroep is:

1. Vrydae oggend 5h00
2. Omgeegroep
3. Gebedskring- Sondag 17h00
4. Voor die dienste Sondag oggende en aande in gebedskamer

Ons wil dan die volgende aksies weer onder julle aandag bring:

Gebedsmuur: 24/7 gebed vir ons gemeente spesifiek

Hiervoor benodig ons 168 mense wat sal bid elk vir 'n uur per week; as jy in stem om 'n sekere tyd te bid, moet daarby gehou word.

Hierdie voorstel was op die bord in die kerk, daar is ook so muur in die gebedskamer en tannie Alet en Karin kan geskakel word in die verband.

Sal u asseblief hiervoor "commit" en sodoende deel wees van die Gebedsmuur van Beskerming vir ons gemeente teen die vyand.

Ons wil ook vir almal dankie sê wat verlede jaar deelgeneem het aan "One day in the gap" enisiatief van Jerigo mure. Ons gaan weer die jaar deelneem in Maart. Daar sal inligting uitgegee word by die kerk in die verband.

Daar is twee geleenthede die jaar waar ons graag op gebed wil (moet) fokus:

- ♦ Gebedswaek - wat verby is, dankie vir die wat teenwoordig was en saam gebid het. Ons vra omverskoning oor die klank probleem wat daar was.
- ♦ Ons wil graag die sms stelsel uitbrei en vra almal wat bereid is om te bid, om hulle sel nommers deur te gee.
- ♦ U kan ook net 'n versoek stuur na die nommers soos heelbo genoem.
- ♦ Ons wil graag ons gebedsmuur vol maak en sodoende weet ons, ons is God se "warriors".

*Ons wil ook hiermee n dringende versoek doen op mense wat op enige gebedslys is, dat hulle, hulle nuwe inligting asseblief deurgee, indien dit verander het.

Gebedstaakspan:

Voorsitter: Karin van Schalkwyk 0825696590

Onder voorsitter: Elzette Muller 0721842737

Skriba: Zeldá Becker 0720760270

Tannie Alet Briers 0796809255

NUWE INTREKKERS

Herster & Tersia Claassen



Joey Mans



Jan Serfontein



Andries Pienaar & Martie Schwan



Corne, Nicolene, Elandri & Nadia Pretorius



Dawie & Jomien Gerber



Jan & Marian v Rheenen



Jan Nieuwoudt



Willie & Magda Grobler



Willie & Helene vd Westhuizen



Barrie, Natasha & Ziane Drenth



Wiecus & Marlene Okes



Baie welkom aan die nuwe lidmate.